Die Hebreeuse Wortels-beweging (Eng. *Hebrew Roots Movement*) is een van verskeie bewegings wat hulle beywer om die wortels van ons geloof aan Israel se taal, kultuur, feeste en godsdienstige wette te probeer koppel. Hulle gebruik die beeld van die olyfboom in Romeine 11 as Bybelse regverdiging vir hulle beweging. Die olyfboom word as Israel gesien, en die inenting van die wilde olyftakke as die redding van nie-Jode wat dan deel van 'n "geestelike Israel" word. Volgens dié beweging moet Christene uit die nie-Joodse wêreld in hulle geloof opgebou en gevoed word deur die sap wat uit die stam en wortels van die olyfboom (Israel) aan hulle gebied word.

In die proses ontwikkel baie van hierdie gelowiges 'n sterk Joodse oriëntasie, noem hulleself geestelike Jode of Israeliete, en begin daarna om Joodse feeste en Sabbatte te onderhou. Hulle toon ook 'n voorliefde om Hebreeuse name en terme te gebruik – veral die Hebreeuse name vir God en Jesus Christus, naamlik Jahweh en Jashua ha Mashiach. Uiteindelik reduceer hulle hulself tot weinig meer as 'n Christelike sekte van Judaïsme, wat tegelyk onder die wet én die genade probeer leef. Die onderhouding van die wet van Moses bly hulle hoofdoelwit, en Jashua het net gekom om hulle wetsoortredings te vergewe.

Gelowiges wat meen dat hulle in die volk Israel geënt is, sê daardeur dat hulle in 'n volk ingeënt is wat die afgelope byna 2000 jaar in verstrooiing was weens die verwerping van die Messias as gevolg van ongeloof en onkunde oor Messiaanse profesieë in die OT. Noudat hierdie volk (steeds in ongeloof) in hulle land herstel word, en feeste (insluitend Sabbatte) vier waarin Jesus steeds verloën word, doen baie Christene met hulle mee!

Die Hebreeuse Wortels-beweging mislei hulleself deur die stelling dat die hele olyfboom op Israel dui. In werklikheid dui net die takke van die boom op Israel, en dit is juis hierdie takke wat weens ongeloof afgekap is. Ons is nie in die afgekapte takke van die boom ingeënt nie, maar in die stam. Die stam en die wortels van die olyfboom dui geestelik op die Messias. Hy word beskryf as die "saad van Abraham", wat die biologiese stamvader van Israel is:

"En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal al die volke gesien

word. Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham ... Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word ... sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang ... Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus" (Gal. 3:8-16).

Die geestelike seën wat ons verkry, is nie uit die Joodse volk nie, maar uit die saad van Abraham, naamlik Christus. Hy is "die wortel en die geslag van Dawid" (Op. 22:16), m.a.w. die oorsprong en Koning van Israel wat ook gekom het om die lig en redding van die hele wêreld te wees (Hand. 13:47). 'n Soortgelyke beeldspraak van die stam en wortel wat op Jesus dui, met die gelowiges as die takke wat vrugte moet dra, word in Johannes 15 aangetref: "Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug" (Joh. 15:5). Die lote word skoongemaak sodat hulle meer vrug kan dra. Heiligmaking moet nagestreef word, asook 'n onafgebroke verhouding met die Here Jesus: "Bly in My, soos Ek in julle" (Joh. 15:4). Ons moet dus nie meer Joods, meer Ou-Testamenties of meer wetties raak nie, maar meer Christelik, meer Nuwe-Testamenties, en meer Geesvervuld.

Die Ou Testament is wél belangrik om ons geestelik te stig omdat talle tydlose beginsels van die geloof daarin genoem word. Ons word ook ingelig oor die verdere ontplooiing van God se raadsplan vir die mensdom tot in die verre toekoms. Verder bevat die OT talle profesieë oor die eerste én tweede koms van die Messias, asook dit wat ná die wederkoms van Christus gaan gebeur – veral gedurende die duisendjarige vrederyk wanneer die geredde Israel tydens die geopenbaarde koninkryk van die Messias in hulle land sal woon en vir die hele wêreld 'n seën sal wees (Rom. 11:11-12). Die NT is die vervulling van OT beloftes – dit is die substansie van OT "skaduwees" (Kol. 2:16-17). Dit sou egter dwaas wees om na die skaduwees van die wet en die profete terug te keer nadat ons die heerlike vervulling daarvan in die Here Jesus, asook in die uitstorting van die Heilige Gees, verkry het. Dit is nie ons taak om soos Israel te probeer word nie, maar om geestelik verblinde Israeli's aan die Messias voor te stel! Gebruik OT profesieë om hulle te oortuig dat Jesus van Nasaret die Messias en Verlosser van die wêreld is, en dat Israel net as 'n Messiaanse volk 'n geseënde toekoms kan hê.

## **Die Sabbat**

Daar is 'n groeiende beweging onder sekere Christene – selfs evangeliese gelowiges – om na die Ou Testamentiese wet terug te keer, insluitend die wet op sabbatsonderhouding. Dit is egter totaal in stryd met die NT. Deur God se beskikking het die belangrike heilsgebeure tussen Christus se opstanding en die uitstorting van die Heilige Gees op Sondag plaasgevind. Jesus het op 'n Sondag sy oorwinning oor die graf en die dood gedemonstreer: "En op die eerste dag van die week kom Maria Magdalena vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was" (Joh. 20:1).

Die eerste Christelike byeenkomste waartydens Jesus ná sy opstanding boodskappe aan sy dissipels gebring het, was op Sondag: "En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle! ... En agt dae daarna was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. En Jesus het gekom terwyl die deure gesluit was, en in hul midde gestaan en gesê: Vrede vir julle!" (Joh. 20:19-22, 26). Die uitdrukking "agt dae daarna" is volgens die Jode se inklusiewe tydsberekening presies 'n week, omdat altwee Sondag getel word.

Die vervulling van die Pinksterfees, toe die kerk van Christus sy formele beslag gekry het, was ook vir 'n Sondag bestem: "Dan moet julle tel van die dag ná die Sabbat, van die dag af as julle die beweegoffergerf bring – sewe volle weke moet dit wees; tot die dag ná die sewende

Sabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle 'n nuwe spysoffer aan die HERE bring" (Lev. 23:15-16). Die vervulling van hierdie Ou-Testamentiese fees, ook op 'n Sondag, was die dag toe die Heilige Gees uitgestort is (Hand. 2). Die fees van die eerste vrugte is dus op die eerste dag (n Sondag) deur die beweegoffer van die eerstelingsgerf ingelui, en 50 dae later (weer op 'n Sondag) deur die Pinksterfees afgesluit: *Pentecoste – die Fees van die Vyftigste Dag*.

Teen die agtergrond van hierdie gebeure is dit te begrype waarom die dissipels en al die lede van die vroeë Christelike kerk spontaan op Sondae byeengekom het om in gemeenteverband die Here te aanbid, Nagmaal te vier en bydraes vir die werk van die Here te gee: "En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek, omdat hy die volgende dag sou vertrek, en hy het sy rede gerek tot middernag toe" (Hand. 20:7). Proff. Walvoord & Zuck (*The Bible Knowledge Commentary*, bl. 412-413) lewer die volgende kommentaar oor Hand. 20:7: "Dit is die duidelikste teks in die NT wat daarop dui dat Sondag die normale dag vir byeenkomste in die vroeë kerk was."

Dit was van die vroegste tye af gebruikelik om tydens die dienste op Sondae bydraes vir die werk van die Here op te neem: "Wat die insameling vir die heiliges betref, moet julle ook so doen soos ek vir die gemeentes van Galásië gereël het. Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insameling nie eers plaasvind as ek kom nie" (1 Kor. 16:1-2). Omdat ons nie onder die wet is nie, word bydraes deur kerklidmate nie as "tiendes" beskryf nie. Walvoord & Zuck (*ibid.*, bl. 546) sê die volgende oor 1 Kor. 16:1-2: "Die gee van bydraes behoort 'n sistematiese, weeklikse aktiwiteit te wees op Sondae wanneer die gemeente byeenkom. Die bedrag wat gegee word, behoort in ooreenstemming met 'n persoon se inkomste te wees."

In die verslae oor die vroeë Christelike kerk is daar oorfloedige getuienis dat Christene nog altyd die dag van die Here op Sondae gevier het. Hulle het dit *die Here se heilige dag* genoem en op dié dag bymekaargekom om die Woord te verkondig, geestelike liedere te sing, te bid en die Nagmaal te vier. Dr. David King (*The Imperial Bible Dictionary*, bl. 112-113) sê: "Die groot aanspraak van hierdie dag op godsdienstige eerbied is dat Christus hierop uit die dood opgestaan het. Sy opstanding was 'n gebeurtenis met betekenisvolle en blye gevolge. Dit het sy vernedering beëindig en die aanvaarding van sy offer deur die Vader gedemonstreer. Dit was die bekragtiging van sy titel as Middelaar en het die redding van sy volgelinge verseker. Om die aanspraak van hierdie dag se voorkeurposisie nóg duideliker te begryp, moet Christus se posisie op die eerste dag vergelyk word met dié op die voorafgaande sewende dag. Op die Joodse Sabbat was Hy in die graf, en op die eerste dag het Hy die bande van die dood verbreek: 'Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word' (Hand. 2:24)."

Die vroeë kerkvaders bevestig almal die feit van Sondag-aanbidding as 'n algemene instelling. Ignatius, die biskop van Antiochië, het in 110 n.C. geskryf: "Diegene onder ons wat die nuwe hoop verkry het, onderhou nie meer die Sabbat nie maar die dag van die Here waarop ons in Hom opgestaan het, sodat ons as dissipels van Jesus Christus geken kan word." Justinus die Martelaar (100 – 165 n.C.), 'n dissipel van Johannes, het geskryf: "Op Sondae het almal in die stede en op die platteland op een plek saamgekom waar die verslae van die apostels en die geskrifte van die profete gelees is... Sondag is die dag van ons algemene byeenkomste, omdat dit die eerste dag is waarop God uit die duisternis lig geskep en die aarde gemaak het. Jesus Christus, ons Verlosser, het op dieselfde dag uit die dode opgestaan." Irenaeus het in omtrent 178 n.C. gesê dat die opstanding van die Here Jesus net op die dag van die Here (die eerste dag van die week) gevier kan word. Cyprianus, biskop van Karthage (200-258), het gesê dat die dag van die Here die eerste dag van die week is.

Petrus, biskop van Alexandrië, het in omtrent 300 n.C. gesê: "Ons onderhou die dag van die Here as 'n dag van blydschap omdat Hy op hierdie dag opgestaan het." Die kerkvader Eusébius



het in omtrent 315 n.C. gesê: “Kerke oral in die wêreld het, van apostoliese tye af tot nou toe, ons vastyd op die opstandingsdag van ons Here beëindig... Op byeenkomste is oor ’n kerklike reël besluit dat die Here se opstanding net op die dag van die Here (Sondag) gevier moet word.” Hierdie tradisie het reeds op die opstandingsdag van Jesus begin en word vandag nog eerbiedig. Dit het hoegenaamd nie in later eeue eers op ’n bedenklike wyse ontstaan nie.

### **Huidige veldtog deur die SDA**

Die Sewende Dag Adventiste (SDA) is by ’n intensiewe veldtog betrokke om hulle kerk se siening oor die Ou Testamentiese Sabbat onder soveel as moontlik mense in Suid-Afrika te bevorder. Diegene wat deur prof. Walter Veith beïnvloed is, word aangeraai om sy kerk se teologie deeglik te ondersoek, want dit bevat talle teenstrydighede en onjuisthede.

Die SDA se stelling dat die Rooms-Katolieke Kerk verpligte Sondagaanbidding ingestel het, en dat alle Christene tot in daardie stadium net op Saterdag tydens die Joodse Sabbat byeenkomste gehou het, is van alle waarheid ontbloot. Wat wel gebeur het, is dat keiser Konstantyn homself tot die Christendom bekeer het en in 313 n.C. die vervolging van die Christendom verbied het. Hy het die Christendom bloot op ’n gelyke vlak met die heidense gelowe gestel en dit nie tot die amptelike staatsgodsdienst verhef nie (dit is eers heelwat later deur ’n opvolger van hom gedoen). Konstantyn het ook die dae van die week van 8 na 7 verminder en bepaal dat Sondag ’n rusdag sou wees, bloot omdat die vervolgte Christene toe al vir 280 jaar lank op Sondag geestelike byeenkomste gehou het.

Konstantyn was nie die hoof van die Christelike kerk nie en het baie min van die Bybel geweet. Hy het hom eers kort voor sy dood laat doop en sodoende formeel tot die Christelike kerk verbind. Hy was beslis ook nie die eerste pous nie, want die Rooms-Katolieke Kerk het as denominasie eers in 440 n.C. sy beslag gekry toe Leo I as die eerste pous aangestel is. Sommige geskiedskrywers meen dat Gregory I in 590 n.C. as die eerste pous aangestel is. In daardie stadium was Sondag-aanbidding al ’n baie ou gebruik in die Romeinse Ryk, terwyl dit as ’n Christelike gebruik terugdateer na die Sondag toe Jesus uit die graf opgestaan het.

Die SDA mislei mense dus oor die beweerde verband tussen die RKK en Sondagaanbidding, want dit berus nie op verifieerbare feite nie. Hulle misleiding eindig nie hier nie, soos blyk uit verskeie ander onbybelse sienings wat hulle ook huldig:

Die volgende is die SDA se mees omstrede eskatologiese beskouings:

**Geen wegraping nie.** Hulle verwerp die belofte van die kerk se ontvlugting uit die oordele van die verdrukking, en beweer dat enige siening oor ’n geheime koms van Christus op menslike afleiding gebaseer is wat nie deur die Skrif bevestig word nie.

**Verdrukking onder die RK Kerk.** Die SDA glo nie in ’n verdrukking van sewe jaar onder die bewind van die Antichris nie. Hulle beskou die Roomse Kerk as die Antichris, en die 1260 dae van die Antichris se optrede in die tweede helfte van die verdrukking as 1260 jaar van Rooms-Katolieke oorheersing. Volgens hulle moet elke dag as een jaar gereken word. Roomse oorheersing het van 538 n.C. tot in 1798 n.C. gestrek toe die Franse regering die pous onttroon het, en dit is volgens hulle die “dodelike wond” wat die dier ontvang het (Op. 13:3). Nou wag die SDA dat die dodelike wond genees, wat vir hulle beteken dat die Vatikaan weer beheer oor die wêreld gaan kry. Hulle dwaal egter grootliks oor die 1260 dae, omdat dit in Openbaring 11 tot 13 en in Daniël 9:27 ook as 42 maande of 3½ jaar beskryf word. Dit is dus letterlik net 1260 dae en nie 1260 jaar nie. Hulle beantwoord ook nie die vraag oor waar die ander helfte van die verdrukking inpas nie.

**Die merk van die dier.** Die Adventiste sê dat Sondagaanbidding die merk van die dier is, en ontken dat die merk van die dier met koop en verkoop tydens die tweede helfte van die verdrukking te doen het (Op. 13:16-18). Volgens hulle is elkeen wat op Sondag kerk toe gaan,

reeds deur die Antichris gemerk omdat hulle die Bybelse opdrag oor die Sabbat ignoreer en verkies om liever 'n valse godsdienstige leier na te volg.

**Daniël se profesieë skeefgetrek.** Alle verwysings na die Antichris in Daniël word ook op die Rooms-Katolieke Kerk toegepas. Die klein horinkie van Daniël 7:8, 20-26 dui egter op die eindtydse Antichris wat uit die herstelde Romeinse ryk sal voortkom en 'n veel groter magsbasis as die pous sal verkry. Die klein horinkie in Daniël 8:8-25 verwys ook na die Antichris en een van sy voorlopers, Antiochus Epifanes, wat as 'n leier uit die Griekse Ryk duidelik buite die verband van die Rooms-Katolieke Kerk optree.

**Datumbepaling.** 'n Misleidende vorm van datumbepaling het uit die SDA se verkeerde verstaan van Daniël se profesieë voortgevloei. Hulle het die 2300 dae waarin die tempel volgens Daniël 8:14 in 'n verwoeste toestand sou wees, as 2300 jaar vertolk. Hoewel hierdie profesie letterlik tussen 170 en 164 v.C. vervul is nadat Antiochus Epifanes die tempel verwoes en Judas Makkabeus dit weer herstel het, is dit steeds die SDA se siening dat die 2300 jaar tussen 457 v.C. en 1844 n.C. verloop het. Op grond hiervan het hulle 'n sterk saak uitgemaak dat Christus se wederkoms op 22 Oktober 1844 sou plaasvind. Hierdie growwe vergissing het 'n groot knou aan die geloofwaardigheid van hulle eskatologiese boodskap oor die "advent" (Christus se koms) gegee.

**Die ontkenning van Israel se herstel.** Die SDA verwerp die letterlike betekenis van alle profesieë oor die herstel van Israel, en sien hulleself as die geestelike Israel.

**Samesweringsteorieë.** Wanneer die werklike feite op die grond nie meer 'n bepalende rol in die analisering van wêreldgebeure speel nie, bv. die opsigtelike stryd tussen Israel en radikale Islam, Amerika en Islamities-gesteunde terrorisme, Rusland en ander lande, wend baie mense hulle na allerlei vergesogte samesweringsteorieë ('conspiracy theories'). Prof. Walter Veith van die SDA hou hom op groot skaal hiermee besig. Verborge komplotte word aan die lig gebring waarin beweer word dat die RK Kerk, die Vrymesselaars en die Illuminati agter al die konflikte in die wêreld sit. Daar word selfs beweer dat George Bush en die CIA vir die 9/11 ramp verantwoordelik is, en dit net as 'n verskoning gebruik het om Moslemlande in te val. Islam hou baie van sulke teorieë, want by implikasie verontskuldig dit hulle as die werklike sondebokke.

**'n Spookagtige millennium.** Nog een van die SDA se beskouings wat skreeu teen die waarheid, is dié van 'n verlate en onbewoonde aarde tydens die millennium, wanneer die duiwel sal rondswerf sonder om enigiets te doen te hê. Hierdie teorie is ook 'n nalatenskap van Ellen White, hulle stigteres. Die siening word gehuldig dat Christus met sy wederkoms al die goddeloses op aarde sal verdag en daarna met sy heiliges hemel toe gaan om daar te regeer. Satan sal op die verlate, verwoeste en spookagtige aarde agtergelaat word totdat die millennium verby is. Die SDA sê: "Sommige mense dink aan die millennium as 'n duisend jaar van vrede en voorspoed hier op aarde. Dit verskil heeltemal van die Bybelse weergawe... Die eerste opstanding sal plaasvind en al die heiliges uit die dood opgewek word... Die konings van die aarde en die hele wêreld (Op. 16:14) sal deur Christus vernietig word. Hy is die groot kryger van die hemel wat sal uittrek om die magte van rebellie uit te wis (Op. 19:11-16). Al die bose mense sal sterf en die aarde ontvolk word... Die opgewekte heiliges én die lewende regverdiges sal dan van die wêreld af na die hemel weggeneem word... Satan sal op die aarde gebind word (Op. 20:2-3). Tydens die millennium sal die aarde verlate wees omdat die goddeloses almal dood sal wees... Daar sal nie 'n enkele lewende persoon op aarde wees wat deur Satan mislei kan word nie. Hy sal 'n duisend jaar lank vakansie kry van sy werk van misleiding sodat hy oor sy lang loopbaan van rebellie kan nadink, asook die ellende wat dit vir hom meegebring het. Hy sal dan sy laaste groot aanslag beplan wanneer die goddeloses tydens die tweede opstanding opgewek word... Wanneer hy losgelaat word, sal hy die

goddeloses wat vir 'n kort tydjie uit die dood opgewek is, in 'n laaste rebellie teen God se koninkryk lei" (*Family Bible Studies*, bl. 75-83).

Die SDA moet letterlik honderde profesieë verontagsaam of verdraai as hulle weier om die volgende Bybelse feite te erken: Christus en sy heiliges sal tydens die millennium op aarde regeer (Op. 2:26-27; 5:9-10; 11:15; 19:15-16; 20:6); die Here Jesus sal in die herstelde koninkryk van Israel van die troon van Dawid af regeer (Hand. 15:16-17; Jer. 3:17); die nasies sal van hulle swaarde pikke smee en nie meer leer om oorlog te maak nie (Jes. 2:2-4); Israel sal 'n voorspoedige en geestelik vrugbare volk wees (Jes. 27:6); Jerusalem sal 'n lof op aarde wees (Jes. 62:6-7); die nasies sal die Messias dien en Israel as sy spesiale volk eer (Sag. 8:20-23); en almal op aarde sal die Here ken (Jes. 11:9-10).

**Sieleslaap.** Die SDA huldig ook 'n baie vreemde siening oor sieleslaap ná die dood. Volgens hulle word gelowiges eers onsterflik wanneer hulle tydens die opstanding onsterflike liggame ontvang. Bose mense is egter nie onsterflike wesens nie, en sal heeltewel ophou bestaan. Die ongelowiges kry dus nooit onsterflike liggame nie. Hulle sal by die opstanding opgewek word slegs om finaal in die poel van vuur verdelg te word. Die SDA glo daar is nie 'n ewige hel nie, omdat "ewig" ook na 'n beperkte tyd kan verwys – so lank as wat dit neem om heeltewel uit te brand. Verder glo die SDA dat geen mens tussen sy dood en die opstanding 'n bewustelike bestaan in die hemel of die doderyk voer nie. Daar word beweer dat die mens se liggaam tot stof terugkeer en dat sy gees na God terugkeer wat dit gegee het, en dat die dooies geen gedagtes, gevoelens of herinneringe sal hê tot op die dag wanneer hulle uit die dood opgewek word nie. Hulle is in 'n diepe slaap, onbewus van alles rondom hulle.

Walter Martin (*The Kingdom of the Cults*, bl. 385) sê hy kan glad nie die SDA se aanspraak aanvaar dat Ellen White 'n gawe van profesie gehad het soos wat dit in 1 Korinthiërs 14 beskryf word nie. Die groot verskil tussen Ellen White se visioene en dit wat die Bybel sê, laat geen ruimte vir 'n kerk om sy leerstellings op haar twyfelagtige visioene te bou en hulle steeds as godgegewe openbarings te beskou en te verkondig nie.

**NS.** Verdere leesstof oor die wet, die Sabbat en die SDA:

**Die Sabbat en die Sondag.** <http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Sabbat.htm>

**Teologie van die Sewendedagadventiste.**

<http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Adventis-teologie.htm>

**Die Kruisiging en Opstanding van Jesus, sy Name, die Doel van die Tora en die Sabbat.**

<http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Opstandingsdag.htm>

Daar is verskeie profetiese tekens wat op die vervulling van belangrike eindtydse gebeure dui, veral m.b.t. die aanbreek van die sewe jaar lange verdrukking wat ook as die tyd van benoudheid vir Jakob bekend staan (Jer. 30:7). Enkele daarvan word hieronder bespreek.

### **Die bloedmane van 2014/15**

Daar is twee belangrike redes waarom daar 'n hernude belangstelling in kosmiese verskynsels soos son- en maansverduisterings is, asook in die gevaar wat meteore en asteroïdes vir 'n digbevolkte wêreld inhou. Een rede is die publikasie van inligting, hoofsaaklik deur Messiaanse Jode, dat verskeie sogenaamde “bloedmane” en verduisterings van die son met belangrike Joodse feesdae saamval en dus eskatologiese betekenis het. Die ander rede is 'n groeiende bewussyn van die gevare wat meteore en asteroïdes vir die lewe op aarde inhou.

Pastor Mark Biltz, 'n Messiaanse Jood van El Shaddai Ministries buite Washington in Amerika, het 'n baie opspraakwekkende ontdekking oor son- en maansverduisterings gedoen en dit met Bybelse profesieë oor Israel in verband gebring. Hy verwys na verskeie “bloedmane” wat in die laaste jaar van die huidige jaarweek in 2014 en 2015 sal voorkom, en bring dit in verband met Joël 2:31 wat lui: “Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom.” John Hagee van Texas het ook 'n wydgepubliseerde boek hieroor geskryf.

Die bloedmane waarvan Mark Biltz en John Hagee praat, is egter nie die finale vervulling van die bloedmane waarvan Joël 2:31, Mattheus 24:29-30, Lukas 21:25 en Openbaring 6:12 melding maak nie. In die verdrukking sal die maan vir verlengde tye rooi soos bloed wees en die son soos 'n harige sak. Dit sal die gevolg wees van lugbesoedeling, voortvloeiend uit groot natuurrampe wat die aarde sal tref (bv. vulkaniese uitbarstings), asook oorlogvoering. Die bloedmane van 2014/15 is dus hoogstens tekens aan die volk Israel dat moeilike tye aan die kom is, en is dus 'n voorloper vir die veel meer dramatiese bloedmane wat teen die einde van die verdrukking vir almal sigbaar sal wees.

Mark het sy inligting op die *NASA Eclipse Website* gekry, en daarna vasgestel dat indien hierdie inligting op die Joodse kalender geplaas word, dit 'n duidelike patroon volg. Die voorkoms van vier bloedmane in opeenvolgende jare is baie seldsaam in die geskiedenis. Dit het in 1949/50 gebeur nadat Israel in Mei 1948 in hulle land herstel is, en weer in 1967/68 nadat Bybelse Jerusalem (die Ou Stad) in Junie 1967 deur Israel herower is. Die volgende keer wanneer dit sal gebeur, sal in 2014/15 wees en dit is moontlik dat dit ook met belangrike profetiese gebeurtenisse in Israel sal saamval.

Dit kan nie as toeval beskou word nie dat die bloedmane in 2014/15 al vier op Joodse godsdienstige feesdae voorkom, saam met twee sonsverduisterings ook op belangrike dae in 2015. Op die 14<sup>de</sup> dag van Nisan in 2014 (15 April) was dit Pasga in Israel (vgl. Lev. 23:5), toe het die eerste van die vier maansverduisterings plaasgevind. Nisan is die eerste maand in hulle godsdienstige kalender. Op die 15<sup>de</sup> dag van die sewende maand, Tisjri, (8 Okt.) op die loofhuttefees (vgl. Lev. 23:34), was daar weer 'n bloedmaan. Presies dieselfde patroon word in 2015 herhaal, op 4 April en 28 Sept. Omdat Israel maanmaande het, val hierdie vier datums almal met die volmaan saam – dan sal die maan rooi soos bloed word. Hierbenewens is daar nog twee sonsverduisterings op die eerste dag van Nisan 2015 en ook op die eerste dag van Tisjri 2015. Op 1 Tisjri is dit Rosh Hashanah, die Nuwejaarsdag op Israel se siviele kalender.

Wat hierdie ontdekking deur Mark Biltz uit 'n Joodse oogpunt belangrik maak, is die feit dat die jaar vanaf 25 Sept. 2014 tot 13 Sept. 2015 'n Sabbatsjaar is. Dit beëindig dus die jaarweek wat met die Rosh Hashanah op 30 September 2008 begin het. As gevolg hiervan sien veral Jode met groot verwagting uit na die nuwe jaarweek wat op 13 September 2015 begin. Dit is

egter vir baie van hulle 'n vreesagtige afwagting, omdat hulle 'n moeilike en donker tyd te wagte is, waarin die Messias op 'n kritieke oomblik sal kom om die oorblyfsel van Israel uit die hande van hulle vyande te red. Profetiese waarskuwings aan Israel is ook vir die nie-Joodse kerk belangrik omdat Israel se herstel vir ons 'n baie belangrike teken oor die eindtyd is. Gelowige Jode sal saam met die kerk weggeroep word, maar ongelowiges onder die nasies én in Israel se voorland is 'n "groot verdrukking soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie" (Matt. 24:21).

In daardie tyd sal daar vir verlengde tye veel meer dramatiese bloedmane wees as die verduisterings wat in 2014/15 voorgekom het. Digte rookwolke sal die maan rooi soos bloed en die son soos 'n harige sak laat lyk. Joël sê: "Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom" (Joël 2:31). In Openbaring staan daar: "En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval" (Op. 6:12-13). Openbaring 8:12 verwys na 'n tyd wanneer 'n derde van die lig van hemelliggame deur 'n oordeel van God uitgedoof sal word, terwyl daar later selfs 'n tyd van totale verduistering op aarde sal intree (Op. 16:10).

Aan die einde van die groot verdrukking, tydens Christus se wederkoms, sal hierdie kosmiese tekens 'n hoogtepunt bereik: "En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlijkheid" (Matt. 24:29-30).

## **Verdere inligting oor die huidige Sabbatsjaar**

Verskeie artikels oor die betekenis van die Joodse Sabbatsjaar (Shemitah) is op die Internet geplaas ná die publikasie van Jonathan Cahn se nuwe boek, *The Mystery of the Shemitah*. Jonathan is 'n Messiaanse Jood. 'n Sabbatsjaar kan profeties belangrik wees as voorbereiding vir gebeure wat bestem is om tydens die volgende jaarweek vervul te word.

Hoewel Israel se maankalender en jaarweke nie op die nie-Joodse nasies betrekking het en ook nie in hulle tydberekening nagevolg word nie, is dit nogtans opvallend dat sekere belangrike wêreldgebeure wel in sewe jaar-siklusse plaasvind. Dit is duidelik dat die wêreld in 'n oorgangsfase is tussen die tye van die nasies en die beloofde Messiaanse bedeling wanneer Christus die wêreld uit Jerusalem sal regeer – dan sal Israel se kalender internasionaal van toepassing wees.

Die Bybel stel dit duidelik dat die Antichris vir een week lank ('n jaarweek van sewe jaar) met Israel en die nasies 'n verbond sal sluit (Dan. 9:27). In die lig van hierdie profesie is dit opvallend dat belangrike wêreldgebeure, veral op die ekonomiese terrein, in sewe jaar-siklusse plaasvind. Ons leef in so 'n snelveranderende wêreld dat daar nie meer sprake van langtermyn ekonomiese en politieke strategieë is nie. Die klem val nou op korter termyn, veral sewe jaar-planne.

Die Sabbatsjaar (Shemitah) is die laaste jaar van 'n jaarweek, en dit gaan in Israel dikwels met dramatiese verwikkelings gepaard, waardeur sekere verwagtings vir die begin van 'n nuwe jaarweek geskep word. Dit is om hierdie rede dat Joodse rabbi's hulle Messias aan die begin van 'n jaarweek verwag. Die Sabbatsjaar van die huidige jaarweek het met die nuwemaan op 24 September 2014 begin. 'n Jaar later, met die nuwemaan op 13 September 2015, sal die volgende jaarweek begin. Dan sal die verwagting op die koms van die Messias hoër as op ander tye wees. Wanneer hierdie verwagting finaal vervul sal word, kan niemand egter met sekerheid sê nie. Apokaliptiese gebeure word nietemin binnekort verwag.

Jonathan Cahn is self versigtig om nie uitdruklik te sê dat die Messias hierdie jaar sal kom nie – dit is slegs 'n moontlikheid, want ná die volgende Rosh Hashana gaan die jaarweke verder voort. Wat hy wél verwag, is 'n moontlike ekonomiese ineenstorting in Amerika met ernstige gevolge vir die hele res van die wêreld. Dit sal ook Israel se ondersteuningsbasis baie laat krimp en kan 'n groot uittoeg van Amerikaanse Jode na Israel tot gevolg hê. Al hierdie dinge dui daarop dat ons beslis in 'n eindtydse situasie is.

Hieronder is 'n bekendstelling van Jonathan Cahn se boek op die Internet in Sept. 2014:

## **Get Ready: Biblical 'Shemitah' Begins this Week**


Best-selling rabbi warns America of God's 7-year judgments.

<http://www.wnd.com/2014/09/get-ready-shemitah-begins-this-week/>

The biblical Feast of Trumpets, also known as the Jewish New Year, begins at sundown on Wednesday, Sept. 24, 2014, which also marks the appearing of a new moon.

But this New Year on the Hebrew calendar is not just any new year. It is the Sabbath year or "Shemitah" year. Just as the seventh day was laid out by God as a day of rest in the Hebrew Old Testament, every seventh year was designated as a Sabbath year. The word "Shemitah" is most often translated as "the release" or "the remission" and applied to the wiping away of debts as well as the resting of the land.

Messianic Jewish Rabbi Jonathan Cahn believes he has unlocked the mystery of the Shemitah's meaning as it applies to modern-day nations. In his new book, "[The "Mystery of the Shemitah,"](#)" he explains that nearly every major U.S. stock market collapse since the early 1900s has occurred during a Shemitah year, as did the terrorist attack and stock market collapse of September 2001 and the financial collapse of 2008. The next Shemitah year begins Wednesday and runs through Sept. 13, 2015.



But what if the "Shemitah" contains an ominous warning about a wider collapse of not just stock markets or housing markets but potentially America's very existence as leader of the free world? If the nation does not pull back from its current course and repent, it could be in for some rough times as this next Shemitah year plays out, according to Cahn.

Why? Because in "[The Mystery of the Shemitah](#)" Cahn explains that empires see their fortunes rise and fall in accordance with the Shemitah. Germany, for instance, began its Third Reich with the annexation of Austria in 1938, a Shemitah year, and it ended seven years later when Adolph Hitler committed suicide in April 1945, another Shemitah year. Cahn points out in his book that the Russian, Japanese, Ottoman and Austro-Hungarian empires also fell in accordance with the Shemitah.

Cahn has also found patterns of special importance in cycles of 28-year periods or four Shemitah years in succession.

In 1945, a Shemitah year, America emerged as the uncontested leader of the free world following the surrender of Germany and Japan in World War II. And 28 years later, in another Shemitah year in 1973, America lost its first war, Vietnam, fell victim to the Arab oil embargo and saw its dollar weaken as a result of President Nixon's decision to remove it from the gold standard two years earlier.

Spring forward another 28 years, and that brought the attacks on the World Trade Center towers and the Pentagon on Sept. 11, 2001, and a historic stock market collapse a few days later, followed by another historic market collapse seven years later in the Shemitah year of 2008. These are the warning signs or "harbingers," to which Cahn has been pointing, starting with his first book, ["The Harbinger."](#)

Now comes the start of another Shemitah year, 2014-2015, and America still has not responded to the increasing signs of judgment. For instance, the five greatest economic crashes of the last 40 years – 1973, 1980, 1987, 2001 and 2008 – all occurred in Shemitah years – those God set apart as Sabbath years. As he pointed out in his earlier book, in 2001 and 2008 they coincided precisely with the exact end of the Shemitah year on the Hebrew calendar day of Elul 29.

### **Vergelyking tussen Israel en Amerika**

Die fout wat Jonathan Cahn egter maak, is om Israel en Amerika op 'n oordrewe wyse met mekaar te vergelyk en te beweer dat God se handelwyse met Israel ook net so op Amerika van toepassing gemaak kan word. Hy verwys dikwels na die stigters van die magtige Amerikaanse staat as groot godsmanne wie se doel dit was om 'n Christelike staat tot eer van die Here te stig, en ook hoedat hulle 'n eed van getrouheid aan hierdie staat afgelê het met hulle hand op die Bybel. Hy gaan dan voort om die huidige geslag Amerikaners, saam met hulle president, as afvalliges te beskryf wat hulle rug op God gedraai het, Christelike onderwys afgeskaf het, en verskeie euwels bevorder, soos bv. die kondonering van homoseksualiteit, die amptelike erkenning van huwelike tussen lede van dieselfde geslag, en aborsie. Op grond hiervan verkondig hy groot oordele oor Amerika, en wys daarop dat die grootstes hiervan telkens met Israel se Sabbatsjare saamval. Die mees prominente hiervan was die val van die tweetoringgeboue in New York in 2001, die groot ekonomiese resessie in 2008, en die verwagte ekonomiese ineenstorting later in 2015.

Daar is ook ander webwerwe waarop ervarings in Amerika in korrelasie gebring word met hulle beleid oor Israel. Elke keer as die VSA iets negatiefs ten opsigte van Israel doen, dan tref een of ander natuurramp hulle (bv. 'n orkaan), of hulle ervaar 'n ernstige ekonomiese terugslag. Dit word dan in die lig van Génesis 12:3 as God se vergelding beskou weens die feit dat hulle Israel nie seën nie maar benadeel. Daar is egter geen Bybelse gronde vir hierdie bewerings nie, want God se oordele is altyd selektief en tref net die skuldiges vir wie dit bedoel is. Die rampe in Amerika het gelowiges én ongelowiges getref, en is dus nie God se oordele oor foute wat hulle regering gemaak het nie. Daar is ander, sekulêre redes vir hierdie rampe, bv. aardverwarming en die Amerikaners se oorspandering en groot skuldias.

In die OT is daar baie voorbeelde van Goddelike seën en oordeel oor volke, omdat daar 'n duidelike begrensing tussen Israel (God se volk) en hulle heidense vyande was. Israel self is ook gestraf in gevalle van verlengde kollektiewe afvalligheid. In die NT is die situasie egter heel anders, want daar is nie 'n geografiese begrensing tussen gelowiges en ongelowiges nie. Hulle is soos koring en onkruid wat saam in dieselfde land groei, daarom kan Goddelike rampe nie oor die goddeloses uitgestort word sonder om die gelowiges tussen hulle skade aan te doen nie (vgl. Matt. 13:24-30). Die hele kerkbedeling is 'n tyd van genade waarin die evangelie aan alle volke verkondig word, daarom sal God se oordele weens afvalligheid eers volg wanneer die sendingopdrag en kerkbedeling afgehandel is. Dan sal die sewe jaar van

oordele in die verdrukking oor die ongelowiges en vormgodsdienstiges aanbreek. Dit sal dus ook selektief wees omdat die Here eers sy kerk deur die wegraping sal wegneem voordat sy toorn oor sy vyande uitgestort word. Amerika moet dus saam met mense in alle ander lande eerder teen die oordele in die komende verdrukking gewaarsku word as om nou reeds, in die kerkbedeling, sekere rampe oor hulle te voorspel.

Afgesien van Cahn se voorspelling oor rampe wat Amerika gaan tref, maak hy 'n baie geldige punt wanneer hy daarop wys dat die herinstelling van Israel se jaarweke profeties belangrik is, veral ook met die oog daarop dat die Antichris vir een jaarweek lank 'n sterk verbond met Israel én die nasies sal sluit (Dan. 9:27). Ernstige rampe tydens die Sabbatsjaar, of sewende jaar van 'n jaarweek, kan ook 'n groot rol speel om die toneel vir die begin van 'n nuwe jaarweek voor te berei. Waarom hy egter Amerika met Israel vergelyk, en net dié land vir rampe uitsonder, is nie duidelik nie. Feitlik alle nasies én hulle leiers het reeds hulle rug op God en sy Woord gedraai, en as gevolg daarvan ondermyn en ondergrawe hulle die beginsels van die Christelike samelewing net so erg, of selfs erger, as Amerika. Hy moet dus eerder die wêreldwye rampe van die komende verdrukking voorspel, en daarop dui dat die hele wêreld verwonderd agter die Antichris sal aangaan en hom ook sal aanbid (Op. 13:3-4). 'n Ekonomiese ineenstorting sal nie net in Amerika voorkom nie, maar oral op aarde.

Cahn kan ook gerus afsien van die romantiese idee dat Amerika sedert sy ontstaan 'n uitverkore volk van God was, en dat die stigters van hierdie volk so 'n navolgingswaardige voorbeeld gestel het. Die werklike inligting oor hulle stigters se godsdienstige oortuigings is alles met die druk van 'n knoppie op die Internet beskikbaar. Kyk maar net wat daar oor George Washington as die mees prominente vader van die Amerikaanse volk gesê word. Hy was 'n vooraanstaande Vrymesselaar wat God beskou het as die "Groot Argitek van die Heelal", m.a.w. die God van alle nasies en alle gelowe. Die Vrymesselaars in Amerika besing nog steeds sy lof en sê van hom:

"George Washington joined the Masonic Lodge in Fredericksburg, Virginia at the age of 20 in 1752. ... During the War for Independence, General Washington attended Masonic celebration and religious observances in several states. He also supported Masonic Lodges that formed within army regiments. At his first inauguration in 1791, President Washington took his oath of office on a Bible from St. John's Lodge in New York. During his two terms, he visited Masons in North and South Carolina and presided over the cornerstone ceremony for the U.S. Capitol in 1793. Washington became a Master Mason, he sat for a portrait in his Masonic regalia, and in death, was buried with Masonic honours. ... In Masonic terms, he was a living stone who became the cornerstone of American civilization. He remains the milestone followed by others civilizations into liberty and equality."

<http://www.gwmemorial.org/washingtonTheMason.php>

Hierdie verklaring sluit aan by wat Foster Bailey, 'n 32<sup>ste</sup> graad Vrymesselaar, gesê het in sy boek, *The Spirit of Masonry*: "Daar moet onthou word dat die Vrymesselaars nie spesifiek Christelik is nie. Lidmaatskap is oop vir persone van alle gelowe. Jode is 150 jaar gelede tot die organisasie toegelaat, Hindoes in 1865 en Moslems in 1836. Laat ons nie ons ideaal belemmer deur die kleinlikheid van ons sienings en die beperktheid van ons visie nie. Ons moet 'n organisasie in die wêreld wees wat op só 'n breë en akkomoderende basis berus dat dit nie alleen 'n platform sal bied aan alle ideologieë nie, maar ook aan 'n universele godsdienst en 'n regering wat vrede vir die rustelose nasies sal bring."

Daar is verskeie bronne wat daarop dui dat Washington 'n deïs was. Hy het geglo dat God net die aarde geskape en Homself daarna onttrek en dit aan die mens oorgelaat het om self die skepping te beheer. Hy het dus geen verhouding met God gehandhaaf nie. Op een van die webblaaie ([www.alternet.org](http://www.alternet.org)) beskryf Rob Boston die geloofsoortuigings van Washington soos volg:



“George Washington, the father of our country, was nominally an Anglican but seemed more at home with Deism. These people believed in God but didn’t necessarily see him as active in human affairs. The god of the Deists was a god of first cause. He set things in motion and then stepped back. Washington often employed Deistic terms. His god was a supreme architect of the universe. Washington saw religion as necessary for good moral behaviour but didn’t necessarily accept all Christian dogma. He seemed to have a special gripe against communion and would usually leave services before it was offered.

Washington was widely tolerant of other beliefs. He is the author of one of the great classics of religious liberty – the letter to Touro Synagogue (1790). In this letter, Washington assured America’s Jews that they would enjoy complete religious liberty in America; not mere toleration in an officially “Christian” nation. He outlines a vision of a multi-faith society where all are free. ... Stories of Washington’s deep religiosity, such as tales of him praying in the snow at Valley Forge, can be ignored. They are pious legends invented after his death.”

Daar is egter ook ander sienings oor die stigters se geloof: “Historian Gregg L. Frazer argues that the leading Founders (Adams, Jefferson, Franklin, Wilson, Morris, Madison, Hamilton, and Washington) were neither Christians nor Deists, but rather supporters of a hybrid theistic rationalism” ([http://en.wikipedia.org/wiki/Founding\\_Fathers\\_of\\_the\\_United\\_States](http://en.wikipedia.org/wiki/Founding_Fathers_of_the_United_States)).

Teïstiese rasionaliste verleen erkenning aan die morele waarde van alle gelowe, en die positiewe invloed wat dit op menslike gedrag het. Die menslike rede bly egter vir hulle die belangrikste maatstaf, daarom sal hulle net godsdienstige idees (ook gedeeltes van die Bybel) erken wat vir hulle op rasonale en wetenskaplike gronde aanvaarbaar is. Die res word as mitologie of verouderde gebruike bestempel en geïgnoreer.

Teïstiese rasionalisme is vandag ’n baie populêre denkrigting – veral ook onder liberale teoloë. Hierdie siening is multigodsdienstig georiënteerd en gee erkenning aan positiewe waardes (bv. liefde en verdraagsaamheid) in alle gelowe. Omstrede leerstellings wat met die menslike rede bots, word egter verwerp, soos die uniekheid, maagdelike geboorte en Godheid van Jesus, asook sy opstanding uit die dood. Die onbybelse Christologie van teïstiese rasionaliste, asook hulle intergeloofsoriëntasie, gaan daartoe lei dat hulle die Antichris se aanspraak as ’n messias vir alle gelowe sonder enige teëspraak sal aanvaar. Wanneer hierdie valse leier op ’n wit vredesperd op die toneel verskyn met die belofte dat hy vrede en eenheid tussen die aanhangers van alle gelowe sal bring, sal hy hartlik deur al die misleides verwelkom en aanvaar word.

Dit is teen hierdie gevaar dat alle mense ernstig gewaarsku moet word, want selfs Israel sal ook deur die valse messias mislei word (Joh. 5:43). Natuurrampe en dreigende ekonomiese ineenstortings is van sekondêre belang, en sal eers in hulle volle sterkte ervaar word wanneer die ware Christene uit die toneel van goddelike oordele verwyder is en die Antichris volle beheer oor die misleides verkry het. Ons moet Christus verkondig – nie net as Verlosser nie, maar ook as die Bruidegom wat sy bruid op ’n onbekende uur sal kom haal. Daarna sal Hy as Regter oor die ongelowiges optree en dan as Koning die troon van Dawid in Jerusalem herstel vir sy duisendjarige vrederyk.

Die Here waarsku in sy Woord alle mense in alle uithoeke van die aarde teen die groot afval van die laaste dae (2 Thess. 2:3-12; 1 Tim. 4:1; 2 Tim. 3:1-5). Politieke korrupsie en magsmisbruik, die opbou van wapens van massavernietiging, ekonomiese onbestendigheid en dreigende bankrotskap, ernstige morele verval in bandelose samelewings, ’n ongekende vloedgolf van misdadigheid, godsdienstiggedrewe haat en die voer van die mees gewelddadige “heilige oorloë” of “jihads” in die geskiedenis van die mensdom, asook geestelike misleiding wat die weg baan vir die aanvaarding van die Antichris as wêreldleier, is alles kenmerke van ons tyd wat daagliks die nuustoneel oorheers. Die noodwendige gevolg hiervan sal die uitstort van goddelike oordele oor ’n bese wêreld wees, maar eers ná die wegraping.

## Die Twee Laaste Waarskuwings in die Bybel

*Bylaag 4*

Die twee laaste en baie ernstige waarskuwings wat in die Bybel opgeteken is, is teen die aantasting van die Bybel self as God se Woord: “As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe” (v. 18-19; vgl. Deut. 4:2; 12:32). Die hele raad van God aan die mensdom is in die Bybel vervat (vgl. Hand. 20:27), en Openbaring was die laaste, letterlikgeïnspireerde boodskap wat God aan almal op aarde gerig het.

### Byvoegings

Ons mag niks by wyse van buite-Bybelse boodskappe by God se Woord voeg nie, daarom is dit aanmatigend en absoluut misleidend wanneer mense beweer dat die Here verdere boodskappe aan hulle gerig het deur middel van drome, visioene, vreemde tale, hoorbare stemme, die raadpleging van gestorwenes of gesprekke met engele. Die Here het wel sommige van hierdie kommunikasiemetodes gebruik voordat die Bybel klaar geskryf was: “Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun” (Heb. 1:1). Ons het nou die volle, Nuwe-Testamentiese openbaring van Jesus Christus, daarom mag ons niks byvoeg nie. Paulus sê hy het die hele raad van God aan die gemeentes verkondig (Hand. 20:27).

Valse profete maak aanspraak op spesiale openbarings van God wat net aan hulle gemaak is. In werklikheid is dit hulle eie idees wat hulle verkondig, maar dan sê hulle dat God dit bv. in 'n droom aan hulle gewys het. Die Here sê in Jeremia 23: “Ek het gehoor wat die profete sê, wat in my Naam vals profeteer met die woorde: Ek het gedroom, ek het gedroom!” (Jer. 23:25). Dit was 'n ernstige misdryf, want só 'n persoon maak deur valse profesieë die Here tot 'n leuenaar, daarom moes só 'n persoon volgens Deut. 18:20 sterwe.

Ons het 'n duidelike opdrag om valse profete te weerstaan en geen ag te slaan op hulle valse profesieë nie. Johannes sê: “Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan” (1 Joh. 4:1). As die persoon se profesieë nie uitkom nie en ook nie deur die Bybel bevestig word nie, moet dit as vals beskou en ander mense ook daarteen gewaarsku word: “En as jy in jou hart sê: Hoe sal ons die woord weet wat die Here nie gespreek het nie? As die profeet in die Naam van die Here spreek, en wat hy gesê het, gebeur nie en kom nie uit nie, dan is dit die woord wat die Here nie gespreek het nie; deur vermetelheid het die profeet dit gespreek; jy mag vir hom nie bang wees nie” (Deut. 18:21-22).

Sommige van hierdie valse profete maak al hoe meer dramatiese aansprake oor hoe die Here sy wil aan hulle geopenbaar het. Daar is van hulle wat beweer dat die Here self aan hulle verskyn het en inligting aan hulle bekend gemaak het. Ander sê selfs dat hulle in die hemel was en met Jesus, Paulus, Moses en ander heiliges gepraat het. Daar is ook dié wat beweer dat Jesus hulle op 'n begeleide toer deur die hemel en hel geneem het.

Daar is ook ander metodes wat deur valse profete gebruik word om aan hulle verwronge leerstellings geloofwaardigheid te verleen, en dit is deur tekens en wonders. Hulle volgelingen is dikwels só beïndruk hiermee dat hulle blindelings alles glo wat die profeet sê. Geloofs-genesing is 'n algemene praktyk, maar dit is opvallend dat net genesings gedoen word wat nie maklik geverifieer kan word nie, soos bv. kanker of een been wat korter as 'n ander een is. Die meeste van hierdie profete sien nie vir die genesing van blinde of lam mense kans nie.

Daar is ook ander bedenklike tekens wat gedoen word, soos bv. 'n bekende profeet in Nigerië wat bid dat tenks vol water in die bloed van Christus verander word. Die water bly egter net so kleurloos, maar mense dink dat dit 'n magiese eienskap het wat wonders kan verrig. Bottels

van hierdie “heilige water” word deur besoekers huis toe geneem, en dan word daar telkens ’n proppe vol in hulle badwater gegooi. Hulle beweer dat hierdie water hulle sondes wegwas en ook hulle liggame genees. Baie van die valse profete bou ’n groot persoonlike gevolg op, en sodoende word hulle die leiers van ’n eenmansekte (Eng. “personality cult”), wat in baie gevalle doodloop wanneer hulle sterf.

Die Here sê die plaes waarvan in die boek Openbaring geskryf is, sal bygevoeg word vir almal wat so aanmatigend is om dinge by sy Woord te voeg. Dit beteken dat hulle voorwerpe van God se toorn is. Diegene wat in die eindtyd nog leef, sal tydens die wegraping agterbly, maar vir alle valse profete van alle tye wag die finale oordeel van die ewige verdoemenis.

## **Weglatings**

Daar mag ook niks uit die Bybel weggelaat word deur bv. aspekte van die boodskap daarvan te ontken nie. Daar is baie mense wat nie die Here Jesus se maagdelike geboorte aanvaar nie, en ook nie sy Godheid, opstanding uit die dood, hemelvaart, of sy liggaamlike wederkoms na die aarde aan die einde van die kerkdispensasie nie. Sulke mense ontken ook die letterlike vervulling van ander eindtydse profesieë soos die wegraping, die volle herstel van Israel as ’n Messiaanse volk, die opkoms van die Antichris na ’n posisie van wêreldleierskap, die uitgiet van God se toorn gedurende die sewe jaar van die verdrukking, asook die duisendjarige vrederyk ná die verdrukking. Hierdie gebeure word letterlik in die boek Openbaring beskryf, asook in ander profetiese boeke van die Bybel, maar word nie ernstig opgeneem deur die skeptici en agnostici nie. Wanneer sekere persone nie die uitsprake van die Bybel ernstig opneem nie, dan toon hulle minagting vir die Outeur van hierdie Boek.

Die ontkenning van Bybelse beskrywings en leerstellings het reeds só ver gevorder dat daar van ’n teologie van ontkenning gepraat kan word, m.a.w. die einde van teologie! In verskeie van die teologiese fakulteite én vervalde kerke word geen betekenis meer aan die basiese leerstellings in die Bybel verleen nie, en ook nie aan die profetiese beloftes en waarskuwings daarin nie. Die lys van ontkennings begin by die Bybel self wat nie meer as die geïnspireerde Woord van God beskou word nie, maar as woorde óór God wat deur feilbare mense geskryf is. Na aanleiding hiervan word die bewering gemaak dat die Bybel vol mitologie is, volgens ’n primitiewe wêreldbeeld geskryf is toe mense nog in drake en ’n slangkoninkryk iewers in die lug geglo het, en ook weens hulle magiese denke in vreemde, irrasionele wonderwerke geglo het soos die skeppingsverhaal, Noag se ark, Israel se uittog uit Egipte, Jona en die groot vis, diere wat praat, ’n man wat maagdelik gebore word en later uit die dood opstaan, ens.

Daar bly niks meer in die teologie van ontkenning oor om in te glo as die grondbeginsels van die Christelike geloof almal verwerp word nie. Die verval vorder deur tussenstadiums soos rasonale teïsme en deïsme totdat die bestaan van God uiteindelik ontken en die persoon self ’n ateïs word. Sommige van die teoloë wat hierdie punt van verval bereik het, verkies om hulleself post-teïste te noem – hulle het vroeër in God geglo, maar bevind hulle nou in ’n postmoderne wêreld waar niks buite die grense van die wetenskap aanvaar word nie. Vir hulle is daar nie eers meer plekke soos die hemel en hel nie, en dus ook nie ’n God of ’n duiwel nie.

As gevolg van hierdie verwickelings verkies verskeie van dié geleerdes om hulleself nie meer “teoloë” te noem nie, maar “Bybelwetenskaplikes” of “godsdienswetenskaplikes”. Daar is nie meer in hulle denke ’n God (Theos) om in te glo nie. Hierdie akademici doen slegs ’n historiese en filosofiese studie van die Bybel, ontleed die mitologie daarvan in die lig van ander gelowe van die dieselfde tyd of streek, bepaal die morele waarde van sekere gedagtes daarin, en pas dit dan na willekeur op die moderne samelewing toe. Hulle beoefen dus vergelykende godsdiens binne ’n intergeloofsraamwerk en kyk hoedat hulle deur middel van onderlinge begrip en ekumeniese bande ’n grondslag vir vrede en goeie menseverhoudinge tussen die strydende gelowe van die wêreld kan vind. Vir hulle is Bybelgebaseerde, evangeliese gelowiges ’n groot

struikelblok omdat hulle veroordelend teenoor die nie-Christelike gelowe staan en weier om ekumenies met hulle te assosieer en in een juk saam met hulle te trek.

Hoe kan sulke mense daarop aanspraak maak dat hulle name in die boek van die lewe is? Hulle ontken dan die Bybel as die Woord van God, en daarmee saam Jesus se Godheid en sy reddende genade op grond van sy kruisdood? Vir hulle is dit geestelik gesproke nag. Petrus sê: “Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en ’n vinnige verderf oor hulleself bring; en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word” (2 Pet. 2:1-2).

Om die Here te verloën beteken nie noodwendig om sy bestaan as ’n historiese persoon te ontken nie, maar om sy Goddelike attribute te ontken, asook die feit dat Hy sondaars loskoop deur sy bloed. Dit is ’n wesenskaplike deel van die teologie van ontkenning. Hierdie mense belaster die weg van die waarheid, m.a.w. gelowiges wat die evangelie reg verkondig en nie van Bybelse waarhede afwyk nie. Die minderheid gelowiges het ’n groot taak om by elke geleentheid en op elke moontlik manier die waarheid aan te hou verkondig. Paulus sê in sy heel laaste brief wat hy aan Timotheüs geskryf het, dat hy hierdie tydsgees van afvalligheid en leuens moet teëstaan met alles wat in hom is, al word hy ook verwerp en vervolgd:

“Verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal ’n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle ’n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van ’n evangelis; vervul jou bediening” (2 Tim. 4:2-5). Dit is die ontkenningsteoloë wat fabels verkondig, soos bv. die vervalste “historiese Jesus”, en nie evangeliese teoloë wat in die Bybel glo nie.

Wat word van diegene wat die waarhede van God se Woord verwerp het? Hulle name staan nie in die boek van die lewe nie, en die oordele van God rus oor hulle. Die Here Jesus belowe net sy reddende genade en seën aan diegene wat aan Hom en sy Woord getrou gebly het: “Ky, Ek het voor jou ’n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het my krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie. ... Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in [letterlik “uit”] die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel” (Op. 3:8, 10).

As ons aan die Here Jesus getrou bly, sal Hy ons seën en onder moeilike omstandighede vir ons deure oopmaak en geleenthede skep – al het ons ook min krag en min invloed in die samelewing. Hy sal ons leer om waarlik in die geloof te lewe en nie op ons eie krag en vermoëns te vertrou nie. Wat die toekoms betref, het ons die wonderlike belofte dat ons “uit” die komende verdrukking bewaar sal word, wat oor die hele aarde sal kom. Die Afrikaanse vertaling (die ou én die nuwe vertaling) is hier verkeerd deur aan te dui dat ons “in” die uur van beproewing bewaar sal word. Die NKJV sê: “I will keep you from the hour of trial...” Die Griekse voorvoegsel “ek” beteken “buite”. Dit is dieselfde voorvoegsel wat ons ook in Lukas 21:36 m.b.t. die wegraping kry. Die Here Jesus sê ons moet gereed wees “om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.” Ons moet dit ontvlug (Gr. “ekfeugo”) en dus beslis nie deur dit gaan soos die nuwe Afrikaanse vertaling dit stel nie.

Valse leraars wat Bybelse beloftes ontken, skep verwarring en rig groot skade aan mense se geestelike lewe. Hulle het dikwels ’n baie onskuldige en vroom voorkoms, maar dit maak hulle nie minder gevaarlik nie. Jesus sê: “Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is” (Matt. 7:15). Die grootste skat waarvan ’n mens beroof kan word, is jou geloof in die Drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees. Moenie onder die menigte wees wat in hierdie tyd ’n Bybelse geloof versak nie (1 Tim. 4:1).

## Die Openbaring van twee Koninkryke

## Bylaag 5

Die einde van die kerkbedeling word gekenmerk deur die openbaring van twee koninkryke, naamlik die koninkryk van God en die koninkryk van Satan. Beide van hulle is dwarsdeur die kerkbedeling slegs op 'n geestelike vlak ervaar, maar dit was alles ter voorbereiding op hulle uiteindelijke fisiese openbaring as wêreldryke. Omdat hierdie twee koninkryke in direkte opposisie teenoor mekaar is, is daar 'n baie groot wedywing tussen hulle om die steun te verkry van soveel as moontlik mense wat almal 'n vrye wil het. Keuses oor betrokkenheid by een van die twee ryke word dus voortdurend gemaak.

Die Koning en Verlosser in God se koninkryk is Jesus Christus. Sy koningskap sal egter eers sigbaar geopenbaar word wanneer Hy met sy wederkoms terugkom en van die troon van Dawid af uit Jerusalem regeer (Luk. 1:32; Hand. 15:16-17). Hy sal saam met sy verheerlikte kerk heerskappy voer (Op. 5:9-10). Die koning in Satan se ryk sal die Antichris wees (Op. 13:2), en hy sal saam met tien konings regeer wat sy lakeie sal wees (Op. 17:12), terwyl daar ook groot mag aan 'n alliansie van valse wêreldgodsdienste verleen sal word (Op. 17:3-5).

Ten einde 'n duidelike keuse tussen die ware Christus en die valse Christus van Satan se nuwe wêreldorde te kan maak, is dit belangrik dat ons sonder enige twyfel tussen hierdie twee leiers sal kan onderskei. Dit is nie so maklik as wat baie mense dink nie, want Satan is 'n meester in die kuns van misleiding, en dra ook hierdie vermoë op sy diensknegte oor: "Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke" (2 Kor. 11:13-15). Daar is dus 'n grys gebied tussen die twee koninkryke, weens Satan se gepoogde indringing van die koninkryk van die lig om dit te vervals en sodoende vir die belange van sy eie koninkryk aan te wend.

Sedert die dae van die vroeë Christelike kerk word daar verbete pogings aangewend om gelowiges te mislei om ontrou aan die ware Jesus te word. Satan self was die dryfkrag agter hierdie misleiding. Paulus sê: "Ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval" (2 Kor. 11:3-4; vgl. Gal. 1:6-8).

Hierdie "ander Jesus" is 'n vervalsing of verdraaiing van die ware Jesus is, sodat mense maklik aan Satan se valse Christus (die Antichris) uitgelewer kan word. 'n Karige en onvolledige kennis van Christus is nie genoeg nie, want onkunde is die teelaarde vir misleiding. Selfs 'n Godsmans soos Paulus het hom ten doel gestel om Jesus Christus nóg beter te leer ken, sodat hy homself meer volkome met sy kruisdood en opstanding kan vereenselwig (Fil. 3:10).

Ons moet 'n goeie kennis van Jesus Christus se Persoon en Goddelike attribute hê as ons nie mislei wil word nie, maar intendeel wil opgroei tot die volwasse man of vrou in Christus, "sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering" (Ef. 4:13-14). Ons moet geestesvermoëns hê, gerugsteun deur 'n goeie kennis van die Skrif, om goed van kwaad te kan onderskei – ook die ware Christus van die valse Christus (vgl. Heb. 5:14). Hieronder is 'n lys van die belangrikste persoonlike kenmerke en geestelike attribute van die ware Christus en die Antichris. Dit sal soekers na die waarheid help om nie slagoffers van onkunde te wees nie, wat dalk onbewus daarvan is dat hulle 'n "ander Jesus" navolg wat 'n wegbereider vir die Antichris is. Jesus het nie verniet gesê nie: "Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei" (Matt. 24:4-5).

## Teenstellings tussen die ware en valse Christus

<b>CHRISTUS</b>	<b>DIE ANTICHRIS</b>
Hy daal uit die hemel neer en verskyn as mens, maar is van hemelse oorsprong en is dus God én mens (Joh. 3:13; 6:38; 10:30).	Hy kom uit die afgrond op en sal as 'n mens uit die see van nasies voortkom, maar Satan sal hom bemagtig (Op. 17:8 en 13:1-2).
Hy is die Seun van God en het gekom om sy hemelse Vader aan die wêreld te openbaar (Matt. 16:16).	Hy is die seun van die verderf en sal sy vader [Satan] se bedorwe en bose karakter openbaar (2 Thess. 2:3).
Hy is die waaragtige God en die ewige lewe vir almal wat glo (1 Joh. 5:20).	Hy sal homself valslik tot God verklaar, maar die doodsengel wees (2 Thess. 2:4; Op. 6:8).
Hy is sondeloos (2 Kor. 5:21; Heb. 4:15).	Hy is die mens van sonde (2 Thess. 2:3-10).
Hy het in die Naam van sy Vader gekom om sy wil te laat geskied (Luk. 10:22).	Hy sal in sy eie naam kom om homself bo alles groot hou (Dan. 11:36; Joh. 5:43).
Hy het gekom om die Vader te verheerlik en sy Naam te heilig (Joh. 17:4).	Hy sal homself verheerlik en laster teen God (Op. 13:5-6).
Hy is een met die Vader en die Heilige Gees, en het gekom om die Vader te openbaar (1 Joh. 5:7; Joh. 14:9).	Hy sal saam met die draak en die valse profeet 'n driemanskap vorm en Satan verteenwoordig (Op. 13:4, 11-12).
Hy is die Verlosser van die wêreld, en het gekom om ons van Satan se slawerny te bevry (1 Joh. 4:14; Joh. 8:36).	Hy sal van die mensdom slawe van sy antichristelike ryk van die duisternis maak (Op. 13:7, 15-18).
Hy het as 'n nederige dienskneg na die aarde gekom en sy lewe as 'n losprys gegee vir baie (Mark. 10:45).	Hy sal in sy eie oë groot en verhewe wees en as 'n absolute diktator heers (Dan. 11:36; 2 Thess. 2:4).
Hy het gekom om sondaars te red vir sy koninkryk (Luk. 19: 10; Matt. 25:34).	Hy sal kom om mense oor die aarde te verstrooi en hulle te verdelg (Dan. 11:44).
Hy het gekom om God se geregtigheid op aarde te laat geskied (Fil. 3:9).	Hy sal sonde en ongeregtheid laat hoogty vier op aarde (2 Thess. 2:3).
Hy is die verpersoonliking van God se liefde, en wil dit in ons harte uitstort deur die Heilige Gees (1 Joh. 4:8-9; Rom. 5:5).	Hy sal 'n leuengees in mens se harte vestig waardeur die Vader én die Seun geloën word (1 Joh. 2:22).
Hy bring vrede in mense se harte met God, maar konflik met die ongeredde wêreld (Joh. 14:27; Matt. 10:34).	Hy sal 'n valse vrede op aarde skep wat skielik in duie sal stort en op die groot verdrukking uitloop (1 Thess. 5:3).
Hy het gekom om Satan te ontmasker en sy werke te verbreek (Kol. 2:15; 1 Joh. 3:8).	Hy sal die god van die vestings (Satan) vereer met alles wat hy het (Dan. 11:38).
Hy neem sterk standpunt in teen hebsug en aardse rykdom (Luk. 12:15).	Hy sal groot rykdomme vergader en omkoopgeskenke uitdeel (Dan. 11:39, 43).
Hy het die waarheid oor God, Satan, sonde, redding, die hemel en die hel aan die mensdom bekend gemaak sodat hulle duidelike keuses kan doen (Matt. 22:16; Joh. 1:17 en 8:31-32).	Hy sal die mensdom geestelik kom mislei en in leuens laat glo wat tot hulle ondergang sal lei, onbewus daarvan dat hulle bedrieg is (Matt. 24:4-5; 2 Thess. 2:9; vgl. 2 Kor. 4:4).

Hy verbind Homself net aan die ware kerk wat sy Naam as die enigste Verlosser bely en die afgode verwerp (Joh. 14:6; 2 Kor. 6:14).	Hy verbind homself aan al die valse godsdienste wat bereid is om hom as hul messias te erken (Op. 17:3-6).
Sy bruidsgemeente sal vir altyd by Hom wees (2 Kor. 11:2; 1 Thess. 4:17).	Sy bruid, die valse wêreldkerk, sal ná 3½ jaar vernietig word (Op. 17:16).
Hy doen sy oortuigingswerk deur die Gees van die waarheid (Joh. 16:13-14).	Hy oortuig mense d.m.v. 'n duiwelse gees van dwaling (2 Thess. 2:9; 1 Joh. 4:3, 6).
Hy sal uit die hemel op die Olyfberg neerdaal en elke oog sal Hom sien (Sag. 14:4-5; Op. 1:7).	Hy sal in die woestyn verskyn en ook in binnekamers (op TV?) gesien kan word (Matt. 24:26).
Sy koninkryk sal vir ewig duur – eers vir 'n duisend jaar op die huidige aarde en dan vir altyd op die nuwe aarde (Op. 11:15).	Sy ryk sal kortstondig wees, en tot die sewe jaar van die verdrukking beperk wees (Dan. 9:27; 11:45; Op. 17:9-12).
Hy is die oorwinnaar wat oor die Antichris en sy magte sal triomfeer (Op. 19:19-21).	Hy sal vir ewig in die hel verdoem word wanneer die Here Jesus kom (Op. 19:20).
Sy volgelinge beërf 'n ewige koninkryk waarin hulle vir altyd saam met Hom sal regeer (Kol. 1:13-14; 2 Pet. 1:11).	Sy volgelinge sal sy lot vir ewig in die hel met hom deel waar hulle saam met hom gepynig sal word (Op. 14:9-11).

Die Antichris se openbaring en die instelling van sy wêreldregering kan eers plaasvind nadat die ware kerk weggeneem is. Die liggaam van Christus (sy kerk op aarde) is 'n tempel van die Heilige Gees, die lig van 'n donker wêreld en die sout van 'n bedorwe aarde, en daarom 'n teëhouer teen die openbaring en oorname van die Antichris. Paulus sê: “En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo” (2 Thess. 2:6-11).

Diegene wat weggeraap word, word as teëhouers van die Antichris beskryf. Hulle moet dus die ware Jesus goed ken en ook in staat wees om Hom van die baie vervalsings wat oral verkondig word, te kan onderskei. Die oomblik wanneer 'n prediker of skrywer praat van 'n Jesus wat nie maagdelik gebore is nie, wat nie God is en nie uit die dood opgestaan het nie, moet hierdie dwalings teëgestaan en weerlê word. Indien dit nie gedoen word nie, dan skep ons ruimte vir die vrye bevordering van 'n ander Jesus wat in werklikheid deel van die koninkryk van die duisternis is. Ongelukkig het verskeie Christelike kerke in die wêreld al so ver van die waarheid af weggedryf dat hulle wegbereiders vir die Antichris geword het.

Mense wat aan hierdie dwaling skuldig is, is ook daartoe geneig om voorbereidingswerk vir die vestiging van die valse Jesus se koninkryk te doen. Hierdie koninkryk is ekumenies en multigodsdienstig, en streef na eenheid en 'n (valse) vrede op aarde. Die Here Jesus het aan ons sy vrede belowe, maar ons moet duidelik besef dat dit heeltemal anders as die valse vrede van die wêreld is: “Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie” (Joh. 14:27). Ons het die vrede van die Here in ons harte, maar is in konflik met 'n verdorwe wêreld wat Jesus en sy volgelinge haat. Eers in die komende vrederyk sal ons ook 'n uiterlike vrede ervaar. Intussen versleg die wêreld tot op die punt wanneer die Antichris dit ná die wegraping gaan oorneem om sy koninkryk te openbaar.

## Die Rol van Islam in die Midde-Ooste

## Bylaag 6

Die grootste onmiddellike gevaar vir Israel word deur hulle Arabiese en ander buurlande in die Midde-Ooste ingehou, wat almal die Moslem-geloof aanvaar het. Dit het hulle uitermate geradikaliseer – nie net teen gelowe soos Judaïsme en die Christendom nie, maar ook onderling teen strydende Islamitiese faksies wat verskil oor wie die regmatige opvolgers van die profeet Mohammed is. Uit 'n Bybelse oogpunt sal daar gelet moet word op die wyse waarop die antieke koning van die Noorde (Babilonië of Assirië) tans besig is om gestalte aan te neem, hoe hy interne faksieverskille in Islam hanteer, en tot welke mate hy militêre en ideologiese steun van ander moondhede kry vir sy beplande uitwissingoorlog teen Israel.

Daar is 'n baie donker en onheilspellende einddoel met Islam se opmars na wêreldheerskappy. Weens sy oorsprong en sterk ondersteuningsbasis in die Midde-Ooste is Islam goed geposisioneer om 'n geweldige aanslag op die Christendom en Judaïsme te loods, wat beide hulle oorsprong in Israel as die hartland van die Midde-Ooste het. Dit is Islam se uitgesproke doel om die Christendom en Judaïsme in diskrediet te bring deur hulle as vals en uitgediende monoteïstiese gelowe te bestempel en hulle te vervang deur die Moslemgeloof wat gebaseer is op die Koran as die beweerde “finale openbaring van Allah” aan die mensdom.

Baie Christene is nie van die volle implikasies van die opkoms van Islamitiese state in die Midde-Ooste bewus nie. Hulle besef nie dat hierdie lande se magsuitbreiding op die vestiging van 'n omvattende Islamitiese leefwyse oral in die wêreld gerig is nie. Die basiese dryfkrag van dié ideologie is wel godsdienstig, maar dit sluit ook die hele kultuur van 'n volk in omdat dit op die bevordering van Islam se politieke, sosiale en opvoedkundige gebruike ingestel is, asook Islamitiese moraliteit en regspraak (die *sharia*-wette). Islamitiese fundamentalisme is vyandig teenoor alle ander ideologieë en gelowe in die wêreld.

Islam sien homself as die enigste ware monoteïstiese geloof en streef uitdruklik na wêreldoorheersing. Moslems gebruik 'n wye verskeidenheid metodes om hulle doel te bereik. Aan die een kant is daar sagte metodes waardeur gepoog word om die godsbegrip en ander dogmas in Judaïsme en die Christendom te vervals sodat hierdie mense 'n intergeloofsverhouding met Islam sal aanknoop en hulleself ondergeskik stel aan die Koran as die jongste en mees outentieke openbaring van God. Op grond hiervan word gepoog om alle gelowe as lede van multigodsdienstige organisasies in Islam se arms te verwelkom. Aan die ander kant is daar militante groepe wat harde metodes van intimidasie en geweld gebruik waardeur hulle teëstanders gedwing word om die gesag van Allah en die Koran onvoorwaardelik te aanvaar. Die jihad (heilige oorlog) word gebruik om dié doel te bereik. Jihadiste raak al hoe meer revolusionêr en gewelddadig in hulle pogings om Islam se oogmerke deur geweld te bevorder en af te dwing. Hulle gebruik verskeie tekste in die Koran om hulle militante optrede te regverdig, bv. Sura 5:33, 47:4 en 2:190-191.

In die tien jaar voor Mohammed se dood (622 tot 632) het die hele Arabiese skiereiland deur verowering na Islam oorgekom. In 637 het 'n opvolger van Mohammed beheer oor Jerusalem oorgeneem, en teen 650 was Egipte en groot dele van Noord-Afrika, sowel as Palestina, Sirië en die hele Persiese koninkryk, in die hande van Islam.

In 691 is die Rotskoepel op die Tempelberg in Jerusalem gebou. Die rots waaroor hierdie moskee gebou is, is vir Islam baie belangrik. Volgens 'n mitologiese verhaal (Moslems hou vol dat dit werklik gebeur het) het Mohammed in die nag op 'n vlieënde perd van Mekka af na Jerusalem gereis, van hierdie rots op die Tempelberg af in die geselskap van die engel Gabriël na die hemel opgevaar, daar saam met verskeie profete (ook saam met Jesus) gebid en weer na die aarde teruggekeer met 'n visie om die wêreld te Islamiseer. Sedert daardie tyd het die Tempelberg vir Moslems in prominensie toegeneem. In 705 is die Al Aksa-moskee ook op hierdie terrein gebou, en nadat dit verskeie kere in aardbewings verwoes is, is dit weer in



1033 in sy huidige vorm herbou. Die Tempelberg is vir Moslems die derde heiligste plek ná Mekka en Medina in Saoedi-Arabië, ten spyte van die feit dat Jerusalem nêrens eers in die Koran genoem word nie.

Islam se invloed het vinnig versprei na gebiede ver buite die Midde-Ooste – tot so ver as Spanje in die weste, Turkye in die noorde en Indië in die ooste. In 1453 is Konstantinopel (Bisantium, en tans Istanboel) deur die Turke verower en onder die direkte invloedseer van Islam gebring. Sommige Christelike kerke is in moskees omskep, terwyl indrukwekkende nuwe moskees gebou is. Islam se verdere uitbreiding na die Ooste was ook baie suksesvol, en teen 1500 het die Islamisering van Indonesië begin.

Die Ottomaanse Moslemkoninkryk in Turkye het vir vierhonderd jaar lank, van 1517 tot 1917, beheer oor Jerusalem en sy omliggende gebiede uitgeoefen. Die Turke het in die Eerste Wêreldoorlog aan die kant van Duitsland geveg, en dit het tot hulle val as koloniale moondheid gelei. Islam se groot invloed sou hiermee 'n ernstige knou kry en baie van die Arabiere was daarna verarmde woestynbewoners totdat ryk olievelde in hulle woongebiede ontdek is.

In die tweede helfte van die 20ste eeu het verskeie Islamitiese lande groot finansiële mag en prominensie verkry – veral in die olieryk gebiede rondom die Persiese Golf. Dit het aansienlike stukrag aan Islam verleen, en verskeie geestelike leiers (moellas en imams) het weer die visie uit hulle roemryke verlede begin verkondig dat Islam bestem is om sy invloed as die enigste ware godsdiens wêreldwyd uit te brei. Dit is hulle groot doel dat alle nasies slegs die gesag van Allah en sy profeet Mohammed sal erken, soos in die Koran uiteengesit. Hierdie oortuiging het tot uitgebreide programme vir die Islamisering van ander lande gelei, asook die oprigting van duisende moskees vir “geloofsgemeenskappe”. Die aanhangers van alle ander godsdienste word in 'n Islamitiese sin as “ongelowiges” beskou en hulle verkeer onder die oordele van Allah totdat hulle hulself tot Islam bekeer. Dit word as 'n baie groot oortreding beskou indien 'n Moslem hom- of haarself tot 'n ander geloof bekeer, en in lande soos Iran is dit met die dood strafbaar.

'n Verdere belangrike faktor in die moderne oplewing van Islam is die herstel van Israel in 1948, asook die groot steun wat die Joodse staat veral van Amerika af verkry. Islam is vyandig teenoor alle ander gelowe, maar Judaïsme is vir hulle 'n baie groot steen des aanstoots omdat die Joodse staat in 'n gebied gevestig is wat hulle vir 'n Islamitiese wêreldstaat in gedagte het. Die hoofstad van hierdie beoogde staat moet Al Quds (Jerusalem) wees, van waar 'n opvolger van Mohammed oor die Islamitiese wêreldkoninkryk moet regeer.

Die feit dat die Jode op die land Israel en die stad Jerusalem (insluitend die Tempelberg met sy beroemde Moslem moskees) aanspraak maak, het al by verskeie geleenthede tot die verklaring van 'n heilige oorlog (jihad) teen hulle gelei. Israel se moderne Islamitiese vyande kon sedert 1948 toe die Joodse staat gestig is, nog nooit 'n oorlog teen hulle wen nie. Islam blameer Amerika hiervoor, weens die groot finansiële en militêre ondersteuning wat hulle aan Israel gee. As gevolg hiervan word Amerika “die groot Satan” genoem, terwyl Israel bloot as “Satan” beskryf word. Die militêre weerstand wat Moslems teen Israel en sy bondgenote bied, het ook tot die ontstaan van hoogs militante jihadistiese groepe gelei wat deurgaans by die beplanning en uitvoering van 'n terreurveldtog teen Israel en sy ondersteuners betrokke is. Hierdie groepe beveg ook gematigde Moslem-regerings wat na hulle mening nie fundamentealisties en militant genoeg is nie.

### **Die groot verdeeldheid in Islam**

Meer as 80% van alle Moslems is Soenniete. “Soenna” beteken “Tradisie” en verwys na die feit dat hierdie groep 'n versameling tradisies (die *hadiths*) het wat volle erkenning op dieselfde vlak as die Koran geniet. Hulle erken al die *kalifs* wat as opvolgers van Mohammed heersers

in die Moslemwêreld was, terwyl die Sjiïete die eerste drie *kalifs* as indringers beskou wat wederregtelik hulle posisies verkry het, en wie se leerstellings ook verwerp word. Die Soenniete en Sjiïete het elk hul eie moskees en geestelike leiers, en daar is groot onverdraagsaamheid en 'n bitter stryd tussen hulle wat gaandeweg al hoe meer gewelddadig raak in dele van die Midde-Ooste – veral in Irak en Sirië.

Iran is die sterkste vesting van die Sjiïtiese Moslems, terwyl hulle in Irak ook die meerderheid verteenwoordig, wat die Koerde insluit. In Sirië is hulle 'n minderheidsgroep teenoor die Soenniete, maar president Bashar al Assad en sy regering is Sjiïties en word as gevolg daarvan sterk deur Iran ondersteun. Hisbolla in Libanon en Hamas in die Palestynse gebiede van Israel is ook Sjiïties, en hulle funksioneer as fronte vir hierdie magsgroepering in Islam.

Sjiïtiese Moslems het 'n sterk eskatologiese verwagting op die herverskyning van die 12<sup>de</sup> Imam. Volgens die Sjiïtiese weergawe van Islam het die 12<sup>de</sup> afstammeling van Mohammed, wat as die 12<sup>de</sup> Imam of die Imam Mahdi bekend staan, in die jaar 941 verdwyn en homself verborge gehou in die omgewing van die put Jamkaran in Iran. Die Sjiïete glo dat hy sal terugkom wanneer die wêreld vol onderdrukking en tirannie is, en dat hy saam met Jesus (Isa in die Koran) teen die Jode en Christene sal veg totdat die hele wêreld onder die gesag van die Koran is. Die idee word gehuldig dat hoe meer geweld en oorloë daar in die wêreld is, hoe beter is die kans dat die Imam Mahdi sal verskyn om boosheid te beveg en vrede te bring.

Die Sjiïete, soos die Soenniete, glo nie in 'n Jesus wat God, die Seun van God en Christus is nie, aangesien die Koran se Jesus (Isa) slegs 'n profeet en die seun van Maria is. Hulle verkondig 'n Isa wat 'n noue bondgenoot van sy "broeder" Mohammed is. Hierdie sienings bots met dit wat in die Bybel staan (vgl. 2 Kor. 11:3-4; 1 Joh. 2:22).

Die groot meerderheid Soenniete word afgesien van hulle gemeenskaplike teenkanting teen die Sjiïete ook deur ernstige onderlinge verskille verdeel. Sommige van hulle is meer gematigd terwyl ander weer sterk tot die voortsetting van die jihad teen Islam se vyande verbind is. 'n Aantal van die mees militante groepe in die wêreld is Soennie Moslems, bv. Al Qaeda, IS, Khorasan en Egipte se Moslem Broederskap. Tydens Saddam Hoessein se bewind in Irak het die minderheid Soenniete vir lank oor die meerderheid Sjiïete geheers, en ook sedert 1980 vir agt jaar lank teen die naburige Sjiïties-oorheersde Iran oorlog gevoer. Amerika het egter deur hulle militêre ingryping en 'n algemene verkiesing daarna die meerderheid Sjiïete in Irak gehelp om aan die bewind te kom, maar sedertdien is hulle weer die teken van Soennie-opstande in hulle land.

In 2014 het 'n nuwe, uiters militante Soennie-groep hulle verskyning gemaak, naamlik ISIL – Islamitiese Staat in Irak en die Levant. Die Levant verwys na gebiede wat aan die oostekant van die Middellandse See geleë is, en dit vorm 'n landbrug tussen Turkye en Egipte. Hierdie lande sluit Sirië, Libanon, Israel en die Palestynse gebiede in, asook Jordanië. ISIL beplan om 'n Islamitiese kalifaat hier te vestig met Jerusalem as hoofstad. Kort ná hulle stigting het hulle hul naam verander na ISIS – Islamitiese Staat in Irak en Sirië. Hulle het in 'n kort tydjie beheer oorgeneem oor die oostelike dele van Sirië en die noordelike en westelike dele van Irak. Hulle is egter nie net met beheer oor hierdie gebiede tevrede nie en noem hulleself nou bloot IS – Islamitiese Staat. Die opsies bly dus oop om ook ander gebiede te verower en in te lyf.

Die leier van IS is Abu Bakr al-Baghdadi, en hy maak daarop aanspraak dat hy 'n afstammeling en opvolger van Mohammed is. Die groep het ruim befondsing uit olievelde wat hulle oorgeneem het, banke in die besette gebiede, sluikhandel, asook groot donasies wat van ander lande én ook van sekere oliemagnate af ontvang word. Die militantes wat deel van hulle weermag uitmaak, kom uit baie verskillende lande, en hulle beplan ook weerwraak-aanvalle teen lande wat aan die Amerikaanse lugaanvalle teen IS deelneem. Volgens een van IS se lede word New York spesifiek vir weerwraak uitgesonder.

IS maak van die wreedste metodes gebruik om 'n skrikbewind te voer – veral ook teen Sjiïtiese Moslems en lede van alle ander gelowe. Massa-teregstellings deur vuurpelotons, asook onthoofding, word algemeen beoefen. Krygsgevangenes uit ander lande word gereeld onthoof en video's van hierdie gruweldade as 'n afskrikmiddel op die Internet vrygestel.

Dit is opvallend dat IS se huidige militêre veldtog en die oornam van grondgebied in Irak en Sirië alles plaasvind binne die grense van die antieke koninkryk van die Noorde, wat soms as Assirië en soms as Babilonië bekend gestaan het. Hulle is egter nie die enigste militante Islamitiese mag wat in hierdie omgewing bedrywig is nie, aangesien daar ook verskeie Soenniese opposisiegroep in Sirië is. Hulle word egter almal geopponeer deur die Sjiïete in Iran, Irak, Sirië en Libanon, wat daarop ingestel is om die Soenniese mag te breek. Iran is die groot militêre, ekonomiese en godsdienstige mag agter Sirië en Irak se Sjiïtiese regerings, asook die terreurgroepe van Hisbolla in Libanon en Hamas in Gasa. Iran het ook planne vir die verdelging van Israel aangekondig en beoog om met Russiese hulp hulleself as die dominante mag in die Midde-Ooste te vestig. Is IS en die ander Soenniese werklik teen hulle bestand?

Die huidige magstryd tussen die Sjiïete en Soenniese gaan volgens die Bybel voortduur totdat daar 'n duidelike oorwinnaar uit die stryd tree. Daniël 11:31-45 verwys na oorloë om opperheerskappy wat in die eindtyd tussen die koning van die Noorde (Sirië) en die koning van die Suid (Egipte) gevoer sal word. Die koninkryk van die Noorde sal die oorhand kry, en sy finale leier sal die Antichris van die laaste dae wees wat ook mag oor Israel sal verkry. Dit is in hierdie stadium egter nog nie duidelik wie die leierskap oor die noordelike konfederasie sal verkry nie – gaan dit Iran en sy bondgenote, IS en sy bondgenote, Turkye en hulle bondgenote of dalk ander Soenniese-lande soos Saoedi-Arabië, Katar en die Verenigde Arabiese Emirate wees? Dit is ook nie duidelik wie uiteindelik die septer oor Egipte gaan swaai nie, omdat die getalsterke Moslem Broederskap se president ontsetel en sy party tot 'n terreurgroep verklaar is. As gevolg van die magstryd in omtrent alle Arabiese lande sal opstande, oorlogvoering, revolusies en bloedvergieting in die Midde-Ooste nog verder toeneem.

### **'n Uitwissingsoorlog teen Israel**

Daar is net een manier waarop 'n kunsmatige, tydelike eenheid tussen die verskillende Moslemelande en Islamitiese terreurgroepe in die Midde-Ooste geskep kan word, en dit is hulle gemeenskaplike haat teenoor Israel. Volgens Psalm 83 sal hierdie volke wel hulle verskille vergeet wanneer dit hulle pas, en saamspan om Israel te probeer uitwis:

“o God, hou U nie stil nie, swyg nie en rus nie, o God! Want kyk, u vyande maak rumoer, en u haters steek die hoof op. Teen u volk smee hulle listig 'n plan en hou onder mekaar raad teen u verborgenes. Hulle sê: Kom, laat ons hulle vernietig, dat hulle geen volk meer is nie, sodat aan die naam van Israel nie meer gedink word nie. Want hulle het van harte saam raad gehou; teen U sluit hulle 'n verbond: die tente van Edom en die Ismaeliete, Moab en die Hagareners, Gebal en Ammon, en Amalek, Filistea saam met die inwoners van Tirus. Ook het Assur by hulle aangesluit; hulle is 'n arm vir die kinders van Lot. ... [Hulle] sê: Laat ons die woninge van God vir ons in besit neem” (Ps. 83:2-9). Dit sal dus 'n heilige oorlog (jihad) teen Israel én die God van Israel wees, want die aardse woning van God op die Tempelberg word ook opgeëis.

In Psalm 83 word die antieke volke genoem waaruit die moderne Arabiese volke afgestam het. Die noordelike Arabiere, waaronder ook Mohammed en sy volgelinge, stam van Ismael af en beskou hulleself as Ismaeliete. Volgens hulle vererf die beloftes aan Abraham deur sy oudste seun, Ismael, na Mohammed en sy opvolgers. Die suidelike Arabiere (Egipte en naburige volke) beweer dat hulle van Kagtan afstam, wat waarskynlik op Joktan dui (Gen. 10:25-30). Al die Arabiere, soos die Jode, stam van Sem af en is dus Semitiese volke. Dit is dus teenstrydig om te beweer dat die Arabiere anti-Semities is wanneer hulle die Jode haat,

omdat hulle self Semiete is. Hierdie term is voor die Tweede Wêreldoorlog deur Hitler geskep toe die Jode as die belangrikste verteenwoordiger van die Semitiese volke beskou is.

Hoe het die Arabiere in so 'n magtige groep volke ontwikkel? Groot skaalse Arabisering het in die 7de en 8ste eeue ingetree ná die veroweringstogte deur Islamitiese Arabiere. Taalkundige en kulturele assimilering het plaasgevind, met die gevolg dat baie mense van ander volke hulleself daarna ook as Arabiere beskou het. Daar is tans net meer as 370 miljoen Arabiere in die wêreld, teenoor 284 miljoen aan die einde van 2000, waarvan verreweg die meeste in die Midde-Ooste en Noord-Afrika woon. Die Arabiese Bond wat in 1946 gestig is, beskou 'n Arabier as 'n persoon wat in 'n Arabiese land woon, wie se taal Arabies is, en wat met die aspirasies van die Arabiessprekendes identifiseer. Baie van die afstammelingen van Nimrod in die huidige Sirië (die antieke Assiriërs) beskou hulleself ook as Arabiere. Die psalmis sê Assur het by die ander Arabiese groepe aangesluit (Ps. 83:9) en sodoende geassimileer geraak.

Israel word deur 'n reuse oormag Moslemgesinde Arabiere in die Midde-Ooste omring. Baie van hulle soek Israel se ondergang en beplan om 'n leidende Moslemstaat in die grondgebied van Israel te vestig met Jerusalem as hoofstad. Sjeik Riyad Salah, die hoof van die Islamitiese Beweging in Israel, verkondig aktief die beginsels van 'n Islamitiese revolusie: "Ons is voor die poorte van 'n Islamitiese revolusie," het hy aan die Arabiere van Israel gesê. "Die wêreldwye magte van boosheid sal in 'n Islamitiese revolusie uitgeskakel en deur 'n Islamitiese wêreldstaat vervang word, met Jerusalem as hoofstad." Voordat dit kan gebeur, moet daar van Israel ontslae geraak en die Palestyne in hulle plek gestel word. Jodehaat is 'n wesenslike deel van Islam se wêreldbeskouing en word van jongs af by hulle kinders ingeskerp.

Die vyandskap van Psalm 83 het 'n belangrike rol gespeel in al die oorloë wat Arabiese volke sedert 1948 teen Israel gevoer het, maar daarna het hulle weer deur onderlinge twiste verdeeld geraak. Hulle vyandskap teen Israel duur voort en Arabiese eenheid bly 'n ontwykende droom.

'n Werklike maar steeds kortstondige eenheid tussen die verskillende Islamitiese faksies en volke sal eers onder die leiding van die Antichris geskep word nadat hy geopenbaar is. Al die ander nasies en godsdienstgroepe sal deel hiervan wees en hulleself daarin verbly: "En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan ... en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?" (Op. 13:3-4). Hy sal tegelyk 'n godsdienstige, politieke én militêre leier wees. Omdat hy 'n valse messias sal wees, sal sy vrede en eenheid nie lank duur voordat rebellie teen hom sal uitbreek nie, en dan sal hy hom tot geweld wend om sy nuwe wêreldorde van ondergang te probeer red.

Ná die wederkoms sal al die oorlewendes uit die slag van Armageddon rou bedryf oor hulle sonde en vir Jesus Christus as Verlosser aanneem (Matt. 24:29-30). Dit sal ook die hele oorblyfsel van Israel insluit (Sag. 12:10; 13:1). Eers dán sal daar ware vrede in die Midde-Ooste én die hele wêreld wees. Daar sal 'n grootpad wees van Egipte af deur Israel en Sirië tot in Irak, want al hierdie volke sal Christelike volke wees en toerisme tussen hulle sal op groot skaal plaasvind:

"In dié dag sal daar 'n grootpad wees van Egipte na Assirië, en Assiriërs sal in Egipte kom en Egiptenaars in Assirië; en Egipte sal saam met Assirië die Here dien. In dié dag sal Israel die derde wees naas [saam met] Egipte en Assirië, 'n seën in die midde van die aarde, omdat die Here van die leërske hom geseën het, met die woorde: Geseënd is my volk Egipte en my maaksel Assirië en my erfdeel Israel!" (Jes. 19:23-25).

Dit is net Jesus Christus wat die groot verskil in mense se lewens kan maak, ongeag of hulle ongelowige heidene, agnostiese teoloë, ortodokse Jode, radikale Moslems, bygelowige Hindoes of selfregverdigende Boeddhiste is. Dit is waarom sy dissipels steeds die opdrag het om sy getuies onder alle nasies te wees – tot in die verste uithoeke van die aarde (Hand. 1:8).